# PSALM 112

## TEMA: Gebed vir Elke Man

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: **PSALM 112**

**Ps 112:1 Halleluja! Alef. Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees, Bet. wat 'n groot welbehae in sy gebooie het.**
**Ps 112:2 Gimel. Sy nageslag sal geweldig wees op die aarde; Dalet. die geslag van die opregtes sal geseën word.**
**Ps 112:3 He. Oorvloed en rykdom is in sy huis; Wau. en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.**
**Ps 112:4 Sajin. Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis: Get. genadig en barmhartig en regverdig.**
**Ps 112:5 Tet. Gelukkig die man wat hom ontferm en uitleen, Jod. wat sy sake volgens reg besorg.**
**Ps 112:6 Kaf. Want hy sal nooit wankel nie; Lamed. die regverdige sal in ewige gedagtenis wees.**
**Ps 112:7 Mem. Hy vrees nie vir slegte tyding nie; Noen. sy hart is gerus, vol vertroue op die HERE.**
**Ps 112:8 Samek. Vas is sy hart, hy vrees nie. Ajin. totdat hy op sy teëstanders neersien.**
**Ps 112:9 Pe. Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges; Sade. sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; Kof. sy horing word verhoog in eer.**
**Ps 112:10 Resj. Die goddelose sien dit en is vererg; Sjin. hy kners met sy tande en smelt weg; Tau. die begeerte van die goddelose mense vergaan.**

-o0o-

**INLEIDING: Skilder jouself die volgende prentjie.**

Dawid en sy manskappe is moeg en uitgeput na 'n harde dag in die oorlogsveld. Die manne se moraal is laag. Dawid ken sy manne. Hulle verlang huis toe. Hulle vind skuiling in 'n rots, dit is donker en koud, 'n klein vuurtjie wat brand. Dawid besef hy moet die manne aanmoedig.

**Dawid** roep: Halleluja!!!!!

Spontaan antwoord **Alef**: *Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees*.
Uit die donker hoekie praat **Bet** met sy diep stem: *Wat 'n groot welbehae in sy gebooie het*.
**He** het dalk nie veel by die huis nie, maar sy hart klop warm: *Oorvloed en rykdom is in sy huis.*
**Kof** blaas denkbeeldig 'n ramshoring*: Sy horing word verhoog in eer.*

Opgewonde voeg elke man om daardie kampvuur sy gedagtes by. Dawid, die skrywer, die musikant, haal gou sy notaboekie uit, skryf die woorde neer en spoedig het die manne 'n lied. Net daar te midde van die oorlog, hou die stokflou manne 'n heerlike mannekamp.

Prys die Here dat die Woord altyd lewendig in ons harte woon.

-o0o-

Ek het 'n baie besondere skrifgedeelte gekry en dit bly in my gedagtes. Ek het die opdrag van die Here gekry om hierdie skrifgedeelte oor elke man van God in jou huis te verklaar. So julle manne van God, julle wat konings, priesters en profete is in julle huise, ek verklaar vandag in die naam van die Here, hierdie skrif, die Woord van God, oor julle.

**Ps 112:1 Halleluja! Alef. Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees, Bet. wat 'n groot welbehae in sy gebooie het.**

***Halleluja!*** Hy begin met 'n lofsang. Prys die Here! Die skrywer eer God. Hy eer die Here.
Hoekom eer Hy die Here? Kom ons kyk. *Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees.*

-o0o-

Ons lees ook in *Ps 111:10 Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid; Almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Sy lof bestaan tot in ewigheid.* Hierdie man van God sê, die man wat die vrees van die Here beoefen sal in beginsel wysheid hê en sal goeie verstand hê. Nou gaan hy verder en sê: *(hy) wat 'n groot welbehae in sy gebooie het (vers 1).*

## 1. SEËNINGE

**Ps 112:2 Gimel. Sy nageslag sal geweldig wees op die aarde; Dalet. die geslag van die opregtes sal geseën word.**
**Ps 112:3 He. Oorvloed en rykdom is in sy huis; Wau. en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.**

So die Here gaan jou huis, jou besittings en alles wat in jou hand gesit is, seën. *Oorvloed en rykdom is in sy huis.* Jy hoef nie eers te vra daarvoor nie, Jy hoef nie eers te vra vir 'n enkele dingetjie nie. *Die beginsel van wysheid is vrees vir die Here (Spr 9:10)* en as die man van God die Here vrees dan sê die Bybel *Halleluja! Welgeluksalig* met ander woorde, uitsonderlik gelukkig is die man wat die Here vrees. Jou oorvloed en jou rykdom is in die huis *en sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid.*

## 2. LAAT JOU LIG SKYN

**Ps 112:4 Sajin. Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis: Get. genadig en barmhartig en regverdig.**

Jy sal daar buitekant wandel en jy sal in jou lewe waar jy ook al gaan, gedurig deur 'n lig wees wat skyn.

- Jy sal 'n lig wees vir die mense.
- Jy sal 'n lig wees vir die nasies.
- Jy sal 'n lig wees vir die opregtes.
- Die Here sal Homself deur jou openbaar. Hy sal Homself deur jou laat skyn.
- *Genadig en barmhartig en regverdig* is wat op jou naam, op jou persoonlikheid geskryf staan.

## 3. MENSE ONTHOU JOU

**Ps 112:5 Tet. Gelukkig die man wat hom ontferm en uitleen, Jod. wat sy sake volgens reg besorg.**
**Ps 112:6 Kaf. Want hy sal nooit wankel nie; Lamed. die regverdige sal in ewige gedagtenis wees.**

Jy sal vasstaan soos dit sê in *Ps 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.*

- ✓ Jy sal vasstaan.
- ✓ Jy sal nooit wankel nie.

Tot in alle ewigheid sal die mense aan jou dink. Al is jy lankal nie meer daar nie, sal hulle jou nog onthou oor die regverdige dade van die Heiliges, want jy is Bruid. Jy het jouself beklee met rein fyn linne. Jou naam sal altyd ter gedagtenis genoem word en eer gegee word oor die regverdige dade wat jy beoefen het, want jy is 'n regverdige voor God.

## 4. DONKER TYE

**Ps 112:7 Mem. Hy vrees nie vir slegte tyding nie; Noen. sy hart is gerus, vol vertroue op die HERE.**

Al kom daar verkeerde dae, besef jy dat jy self tot niks in staat is nie.

- Jou anker is in Christus Jesus.
- Jou anker is in die Woord.
- Jy weet *Ps 18:29 Want met U loop ek 'n bende storm, en met my God spring ek oor 'n muur.*

Jy weet dat die Here vooruit loop in jou lewe. Jy volg net en waar die Here ook al loop, kan jy met gerustheid volg, want daar het Hy klaar alle mure en alle dinge afgebreek. Dit is hoekom Dawid gesê het *Ps 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my.* Daar erken hy, hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die HERE.

Dit is vir my altyd verstommend hoe manne van God sake kan hanteer. Dit is asof hulle dit net beter kan hanteer as die wêreldse mense. Die wêreldse mense stres en gaan soos mal goed tekere, maar die man van God, ja daar is druk op hom en hy kan dit partykeer voel, maar hy kan dit beter hanteer, want hy weet die Here is saam met hom in hierdie storm. Mag dit so wees met elkeen van julle.

-o0o-

**Ps 112:8 Samek. Vas is sy hart, hy vrees nie. Ajin. totdat hy op sy teëstanders neersien.**

En teenstanders gaan daar kom. Maar jy gaan oor elkeen van hulle triomfeer, want jy kom in die naam van die Here en daar staan geskrywe dat alle magte en alle owerhede onderworpe is aan Christus (Kol 2:15). Omdat jy die reg het om Sy naam te gebruik, omdat jy die reg het om op hulle koppe te trap, sal jy die duiwel onder jou voete hou en hy sal jou nie affekteer nie, want daar staan geskrywe *Ps 112:8 Vas is sy hart, hy vrees nie. totdat hy op sy teëstanders neersien.* Jy sal triomfeer oor elke situasie en oor elke ding.

## 5. TREE UIT AS OORWINNAAR

**Ps 112:9 Pe. Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges; Sade. sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; Kof. sy horing word verhoog in eer.**
**Ps 112:10 Resj. Die goddelose sien dit en is vererg; Sjin. hy kners met sy tande en smelt weg; Tau. die begeerte van die goddelose mense vergaan.**

Hierdie bose magte wat so teen jou opstaan is magteloos teen jou. Al wat hulle kan doen is om maar net daar te sit en kners op hulle tande van moedeloosheid. Soos hulle dit doen, so smelt hulle maar net weg en so disintegreer hulle, want jy is die lig. Soos lig duisternis verdryf, so verdryf hierdie lig wat in jou is, die heerlikheid van God, elke bose mag. Dit breek elke binding en funksioneer en triomfeer oor elke stryd (battle) wat in jou lewe is. Jy tree uit aan die einde van die dag oor elkeen van hulle as oorwinnaar in Christus Jesus.

Dan sê hy teen die einde *die begeerte van die goddelose mense vergaan.* Dit wat die bose teen jou beplan, deur goddelose mense te gebruik as instrumente in die hand van satan om teen jou op te staan, om jou te vernietig, sê die Bybel sal die begeerte van hulle vergaan. Dit is asof dit wegsmelt. Dit is waarom hy sê *hy kners met sy tande en smelt weg.*

Jy is 'n gesant van die Here, Sy triomf en Sy oorwinning (victory) wat Hy behaal het. So maak die Here van jou Sy voete wat die voetbank is op die aarde, wat elke slang, elke kop, elke skerpioen en elke bose mag vertrap en vernietig. Wat satan op sy plek hou, sodat hy niemand en niks kan affekteer in jou lewe en in jou gesin se lewe nie. Waar jy ook al betrokke is en buitekant waar jy uitgaan, kan jy oor elke stryd sê "ek triomfeer". Dan kan elkeen die Here vrees, sodat hulle kan weet dat God, God is; dat Jesus Christus die Here is.

Sodra hierdie dinge plaasvind, dan neem ek jou weer terug na vers 1 toe waar Hy sê, daarom, oor al hierdie dinge: ***Halleluja! Welgeluksalig is die man wat die HERE vrees***

Dit is my seën vandag oor elke man van God.

- Mag hierdie Psalm, hierdie Woord van God, oor elke man van God se lewe tot vervulling kom.
- Mag dit so wees dat jy die een is wat hierdie Woord uitlewe daar buitekant.
- Dat jy 'n lewende sendbrief is wat uitgestuur word, sodat ander dit kan lees.

Die Here seën vir julle.

Mooi dag.

-o0o-